DF Fokus 3/2009

HOëRSKOOL D.F. MALHERBE

Tel.: 041-5813145 **E-pos**: dfm@telkomsa.net
Faks: 041-5813118 **Datum:** 4 Maart 2009

****

GELUKWENSINGE

Hartlik geluk aan die volgende Malherbiete en hul ouers:

Dogterskrieket: Marizanne Kapp is gekies om aan die Wêreldbeker Vroue Kriekettoernooi deel te neem. Sy het op die 1ste Maart saam met haar spanmaats na Australië vertrek.

Binnenshuise Krieket: Raynard van Gend is opgeneem in die 0/18 OP Binnenshuise Krieketspan wat aan die Nasionale Kampioenskappe in Gauteng gaan deelneem vanaf 5 -11 April.

Potspel: Marko Markgraaff is opgeneem in die OP Junior Potspelspan wat vanaf 5-8 April aan die Nasionale Potspel Kampioenskappe in Secunda gaan deelneem.

Interskole vs Nico Malan-Atletiek: Bekers: Brian Wolmarans ontvang die Junior Victor Ludorum (nuwe rekords in 100m, 200m, 400m en 1ste plek in verspring vir So/14). Lutske Doubell ontvang die Senior Victrix Ludorum (nuwe rekords in 100m Hekkies, 100m en 200m). Beste prestasies vir die dag: ***Beste seuns veldatleet*** - Martin Keller So/14 vir sy hoogspring van 1.52m, Elandré Gouws So/19 ook vir hoogspring van 1.8m. ***Beste dogters veldatleet*** - Darné Claassen Do/16 vir verspring 4.65m. ***Beste seuns baanatleet*** - Brian Wolmarans So/14 vir sy 100m in 12.10 sek. ***Beste dogters baanatleet*** - Zandri Strydom Do/14 vir haar 100m in 13.80 sek en Lutske Doubell vir haar 100m in 12.80 sek.

Hengel: Adelle Moss is in die Oostelike Provinsie-hengelspan opgeneem wat aan die SA hengelkampioenskapstoernooi vanaf 11-14 April te Mosselbaai gaan deelneem.

Skopboks: Gavin Botha is opgeneem in die OP Ontwikkeling Skopboksspan.

UITSLAE

ATLETIEK: Die dogters se aflosspan het aan die Geelbladsye atletiekbyeenkoms by NMMU deelgeneem en ‘n 3de plek behaal. Dit is ‘n skitterende prestasie aangesien die top Hoërskole in die Oos-Kaap deelgeneem het. Met die 3de plek het hul ook ‘n R1 000 prysgeld gewen. Hulle is Lutske Doubell, Aleesha Gerber, Darné Claassen en Nikki de Ridder.

TWEEKAMP—SA PROEWE: Die byeenkoms is gehou om ‘n Suid-Afrikaanse span saam te stel. Om in aanmerking te kom vir spanopname, moet ‘n atleet OP Kleure verwerf en die Provinsie in twee interprovinsiale byeenkomste verteenwoordig. Die minimum vereiste punte vir spanopname is ook 2 000. Raylene Windvogel en Maryna Slabbert het deelgeneem. Raylene het ‘n skitterende tyd gehardloop in die 1km. Haar swemtyd was egter te stadig om haar die minimum vereiste punte te laat behaal. Maryna het die swemafdeling gewen, maar moes ‘n paar punte inboet by die hardloop.

INTERPROVINSIALE TWEEKAMP BYEENKOMS: Karel Prinsloo het die 14de plek behaal vir So/15 en Janien Raubenheimer die 24ste vir Do/15.

GHOLF: DF se 1ste en 2de gholfspanne het teen Grey en Brandwag gespeel en het ongelukkig hulle wedstryde verloor. Neil Louw was die beste speler met 20 punte. Beide spanne van DF vs Nico Malan het verloor. Ryno van Zyl (A-span) teken 23 punte aan en Sean Roux (B-span) 16. Die 1ste en 2de gholfspanne het ook teen Grey en Framesby gespeel en hul wedstryde verloor. DF vs Westering en wen die A-span met 78/77 en die B span wen 80/36. Beste spelers A-span Ryno van Zyl (23 punte). B-span Eduan Troskie (18 punte) en Jason van Zyl (18 punte).

KRIEKET: (Seuns) Die 2de span vs Kirkwood in ‘n 20/20 wedstryd. Kirkwood behaal 127 in hul toegelate 20 beurte en DF word daarna uitgeboul vir 37 lopies. DF verloor dus met 90 lopies. Die 1ste span vs St Dominic’s: DF kolf eerste en behaal 119 lopies. Beste kolwer Jaco Herion. St Dominic’s behaal die teiken met 2 paaltjies plat. DF verloor dus met 8 paaltjies. DF vs Bethelsdorp en verloor met 2 paaltjies. Corbin Shanagan was die beste kolwer met 25 lopies. Ignus Potgieter was die beste bouler met 4 paaltjies vir 28 lopies. DF vs Uitenhage Hoër. DF wen met 39 lopies. Beste kolwers: Wessel Claassen 68 en Christiaan Dempers 41. Sean Moir neem 4 paaltjies vir 14 lopies en Werner Bronkhorst 2 paaltjies vir 1 lopie. DF se eerste krieketspan het met 81 lopies teen Loyiso gewen. DF se beste bouler was Wessel Claassen wat 4 paaltjies geneem het en Rynardt van Gend wat 5 paaltjies geneem het.

(Dogters) Die 1ste span het teen Victoria Park se eerste liga span gespeel. DF verloor ‘n spannende wedstryd met 10 lopies. DF se beste vertoning is gelewer deur Anoesjka Wehmeyer wat 2 paaltjies geneem het. DF vs St Dominic’s: verloor met 17 lopies. Janita Trytsman was die beste kolwer met 20 lopies. DF vs Uitenhage Hoër wen met 30 lopies. Beste kolwer was Janita Trytsman met 23 lopies nie uit nie. Janita en Anoesjka Wehmeyer was ook die beste boulers met 3 paaltjies elk.

TENNIS: (Dogters) Die 1ste span verloor teen St Dominic’s 0-12. Die 2de Span speel gelykop teen St Dominic’s 7-7 en die 3de span verloor teen Brandwag 0-12. 1ste span wen teen Pearson (10-2). Die 2de span verloor teen Pearson 3-10 en die 3de span verloor teen Collegiate 4-9. Die 1ste en 2de span verloor teen Collegiate 4-8. Die 1ste teen Victoria Park en wen 8-4, die 2de span wen met 10/2. Die 3de span vs HTS Newton 8-4.

(Seuns): Die 1ste span wen teen Daniel Pienaar 8-4 (Baie geluk aan Wessel Claasen wat sy enkelwedstryd oortuigend gewen het). Die 2de span wen teen Lawson Brown 8-4. Die 1ste span vs HTS Newton wen 11-3. Die 2de span verloor teen HTS Newton 5-8. Die 1ste span vs Framesby en wen 12-1 en die 2de span wen 10-2.

REDHOUSE RIVIERMYL: Vyf van DF se leerders het die Swartkopsrivier se rowwe waters aangepak, hulle was JP Teixeira 38min, Roché Jongkind 28min, Annette Slabbert 33min, Jeannè Scholtz 23 min en Maryna Slabbert 20min.

KARATE: Jannie en Marizanne Joubert het aan die OP proewe deelgeneem op Uitenhage en altwee het 1ste plekke in Kata en Kumite behaal. Die OP span word binnekort bekend gemaak wat op 14 Maart aan die Nasionale Proewe in Bloemfontein gaan deelneem.

DIETER SCHOLTZ-BEURS

Die bekendstelling van die Dieter Scholtz-beurs het op Donderdag 12 Februarie 2009 plaasgevind. Dankie aan almal wat teenwoordig was.

VCSV—TAKKAMP

'n Baie geseënde VCSV-takkamp het die naweek te Zuurberg plaasgevind. Die VCSV-diensjaarlede het die program aangebied en die 106 leerders kon getuig van groot geestelike seën. Baie dankie dat u u kinders die geleentheid gebied het om geestelik te groei. Baie dankie ook aan die twee ouerpare, die Annandales en die Kotzes, wat heerlike kos op die kamp gekook het. Baie dankie ook vir u gebede vir die naweek.

HARMONY WISKUNDE OLIMPIADE - DATUMS

Rondte 1 - 18 Maart
Rondte 2 - 21 Mei
Rondte 3 - 8 September

TUSSENVERKIESING

U moes reeds die amptelike kennisgewing van die tussenverkiesing van ouerlede van die Beheerliggaam gekry het. Datum ***16 Maart 2009 om 17:30 by HOëRSKOOL D.F. MALHERBE (Skoolsaal).***

VOORRAADOPNAME

BAIE DANKIE aan die ouers wat kom help het by die voorraadopname by SPAR die afgelope naweek. Ons waardeer u opoffering regtig baie - jammer dat dit so lank geduur het.

GOUE GEDAGTES

Die pessimis sien ‘n opdraande in elke geleentheid. Die optimis sien ‘n geleentheid in elke opdraande.

Winston Churchill

SIMPATIE

Gavin Botha se pa is oorlede. Ons dink aan hulle familie in die baie moeilike tyd.

Dankie vir u aandag!

Vriendelike groete

P. HAUMAN
SKOOLHOOF